

PROFIEL VAN DIE STELLENBOSCH FISIOTERAPEUT

Die pasafgestudeerde Stellenbosch Fisioterapeut sal die basiese vaardighede en kennis hê om binne die SA gesondheidskonteks te kan funksioneer as 'n reflektiewe praktisyn binne die filosofie en waardes intrinsiek tot die fisioterapie professie.

Hierdie filosofie en waardes van die fisioterapie professie word in drie domeine saamgevat naamlik professionele aanspreeklikheid; kliënt bestuur en die organisasie van dienste. Die eienskappe van die pas-afgestudeerde fisioterapeut word as volg binne die drie domeine gereflekteer. Die student sal:

Professionele aanspreeklikheid

- Eties verantwoordbaar teenoor die professie, kliënt en gemeenskap kan funksioneer.
- 'n Veilige, effektiewe en professionele praktyk kan voer.
- 'n Positiewe gesindheid ten opsigte van voortgesette professionele ontwikkeling toon.
- Interpersoonlike verhoudings kan ontwikkel.
- Die belang van betrokkenheid by professionele organisasies begryp.
- Toepaslik en effektief kan kommunikeer met kliënte, familie lede asook ander lede van die interdissiplinêre span.

Pasiënt Bestuur

- Kennis van die normale en abnormale funksionering van die menslike liggaam en psige openbaar.
- Begrip toon tov die impak van kulturele omgewing op die uitkoms van gesondheidsdienste.
- Die nodige vaardighede besit om 'n kliënt se status (fisies, funksioneel en psigies) te kan evalueer, sy behoeftes te kan analiseer en sodoende 'n fisioterapeutiese diagnose en prognose daar te stel.
- Oor die vermoë beskik om 'n uitkomsgebaseerde intervensie-plan te ontwikkel en te implementeer gebaseer op bewysgesteunde praktyk.
- Oor die vermoë beskik om die effektiwiteit van hierdie intervensie te herevalueer en bevindinge te inkorporeer in toekomstige praktyk.

Organisasie van dienste

- Oor die vermoë beskik om toepaslike, koste effektiewe fisioterapie dienste binne die Suid-Afrikaanse gesondheidskonteks te beplan, implementeer en evalueer.
- Toepaslike tegnologie kan gebruik om huidige dienste te ondersteun, analiseer, en verbeter.